PROMOSIE-ARTIKEL

# Voerkraal-afronding van kalwers – belangrike aspekte

Deur Simon Kemp (Pr.Sci.Nat), Feedtek

Vleisbeeskalwers word gewoonlik in fases vanaf speen tot slag bestuur vir optimale voerbenutting en uiteindelik vir maksimum winsgewendheid. Kalwers word normaalweg eers uitgegroei (*backgrounding*) en daarna in die voerkraal afgerond tot slag. Uitgroei is ’n beesproduksiestelsel wat die maksimale gebruik van weidings en ruvoer behels, tesame met die korrekte aanvullings, om kalwers sodoende vanaf speen tot plasing in die voerkraal voor te berei. Uitgroei van kalwers is reeds in ’n vorige artikel (*Rooivleis Vol 10, Nr 4, Aug 2019*) breedvoerig bespreek.

## Winsgewende afrond van kalwers

Die kalf se aankoop- en voerkoste is die twee grootste veranderlike uitgawes wat winsgewendheid in die voerkraal bepaal. Die voeromsetverhouding (VOV) is ’n sleutelmaatstaf vir die doeltreffendheid waarmee die dier voer in vleis omskakel.

## Hoe word voeromset verbeter?

- **Rantsoenformulering**

’n Hoër persentasie graan lei tot vinniger groei en afronding, swaarder en vetter karkasse en ’n hoër uitslagpersentasie. Die tipe en kwaliteit graan, die korrekte balansering van energie- (stysel, suiker, vette) en proteïenbronne, makro- en spoorminerale en vitamiene sal daaglikse massatoename verhoog en VOV verbeter. Die geleidelike aanpasssing van die diere op hoë-energie-rantsoene is belangrik en die insluiting van buffers is doeltreffend om rumen-asidose en lewerabsesse te voorkom.

- **Verwerking van grane**

Die verteerbaarheid van grane verbeter indien dit verwerk word. Fynmaal, kraak, stoomvlokking, ensovoorts, verbeter die benutting van voedingstowwe deur die mikro-organismes in die rumen. Fyner graan meng beter en dit verbeter smaaklikheid en deurvloeitempo’s. Waak egter teen te fyn gemaalde grane wat makliker tot asidose aanleiding gee.

- **Groeibevorderaars**

Groeibevorderaars verbeter VOV terwyl dieregesondheid, karkaskwaliteit en veiligheid steeds gehandhaaf word. Die groeibevorderaars wat algemeen gebruik word is ionofore, hormonale implantate en beta-adrenergiese agoniste. Ionofore is anti-mikrobiese middels wat die beskikbaarheid van voedingstowwe verbeter en koksidiose, graanopblaas en adisose beperk. Dit verbeter VOV deur die samestelling van die rumenmikrobes so te verander dat vesel- en styselenergie meer beskikbaar is vir die dier.



Hormonale implantate verhoog die reproduksiehormone wat natuurlik in die dier voorkom. Dit bevorder spiergroei ten koste van vetneerlegging, wat meer as twee maal soveel energie vereis as proteïenneerlegging. Die gebruik van ionofore saam met groeihormone verbeter VOV met ’n ekstra 7%. Beta-adrenergiese agoniste is middels wat aan die beta-reseptor van die spier vasheg en die effek van adrenalien het. Meer voedingstowwe word gevolglik na die spierweefsel herlei en beta-agoniste soos zilpaterol verbeter dus spiergroei, GDT en VOV, en verminder proteïen-afbraak, wat lei tot ’n beter uitslagpersentasie. Bestuur die gebruik daarvan noukeuring – gebruik dit op die regte diere, net vir die voorgestelde periode en pas die voorgeskrewe onttrekkingstyd (72 uur) toe.

- **Bepaling van slagstadium**

Die korrekte bepaling van slaggereedheid is deurslaggewend. Namate die dier ouer word en gevolglik stadiger groei, word meer vet en minder vleis gedeponeer, wat minder koste-doeltreffend is. Weeg diere gereeld en bepaal wanneer slaggewig bereik is. Die gebruik van kundiges wat diere visueel kan beoordeel om vetheidsgraad te beraam, word aanbeveel.

## Konsentrate vir afrondvoere

**Beef Gainer 110** (*Reg. nr. V16140; Wet 36/1947*) is ’n uitstekende NPN-bevattende spesialis-konsentraat met minerale, vitamiene en groeibevorderaars in die korrekte en gebalanseerde verhoudings, vir die meng van beesvoerkraalrantsoene. Die feit dat die produk hoogs gekonsentreerd is (slegs 36 kg per ton voer) verseker dat die boer sy eie graan en ruvoerbronne maksimaal benut. Die **Beef Gainer 110 + Zilpat** opsie bevat zilpaterol vir die finale fase in die voerkraal en daar is ook ’n verdere opsie beskikbaar met natuurlike groeibevorderaars, naamlik **Beef Gainer 110 Organic**.

Kontak u naaste Feedtek verteenwoordiger vir meer inligting. Besoek ons webtuiste **www.feedtek.co.za** of stuur ’n epos na **info@feedtek.co.za**.

